basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## REKENINGKUNDE V2

## NOVEMBER 2022

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye, 'n formuleblad en 'n 10-bladsy antwoordeboek.**

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.

2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.

3. 'n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.

4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.

5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| **1** | Kosterekeningkunde | 35 | 30 |
| **2** | BTW en Voorraadwaardasie | 45 | 35 |
| **3** | Begrotings | 45 | 35 |
| **4** | Bankversoening | 25 | 20 |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

**VRAAG 1: KOSTEREKENINGKUNDE (35 punte; 30 minute)**

1.1 Kies 'n voorbeeld uit KOLOM B wat by 'n kostekategorie in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.5 F.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.1.1 Administrasie | A vraggeld op grondstowwe aangekoop |
| 1.1.2 Direkte materiaal | B fabrieksvoorman se salaris |
| 1.1.3 Verkoop en verspreiding | C huuruitgawe vir die kantoorgebou |
| 1.1.4 Fabrieksbokoste | D werkers in produksie |
| | E kommissie aan verkoopspersoneel betaal |

(4 x 1) (4)

1.2 **WEZA STITCHES**

Weza Stitches, waarvan Annie Brown die eienaar is, vervaardig badkamer-handdoekstelle. Annie koop materiaal by plaaslike verskaffers. Die inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2022. Let daarop dat daar nie goedere-in-bewerking-voorraadsaldo's was nie.

**GEVRA:**

1.2.1 Bereken die volgende vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2022:

- Direkte arbeidskoste (7)
- Fabrieksbokoste (6)
- Totale koste van produksie (4)

1.2.2 Annie is bekommerd dat vaste koste na R806 400 verhoog het. Verduidelik waarom sy nie bekommerd hoef te wees nie. Verskaf TWEE punte. Haal syfers aan. (4)

1.2.3 **Verwys na Inligting C.**

Lewer kommentaar daarop of die produksiepersoneel die produksiebonus verdien wat hulle ontvang het. Verskaf DRIE punte, met syfers. (6)

1.2.4 Annie wil haar wins gedurende die volgende finansiële jaar met R50 000 verhoog terwyl sy koste handhaaf. Bereken die addisionele eenhede wat vervaardig moet word om hierdie teiken te bereik. (4)

**INLIGTING:**

**A. Direkte arbeidskoste:**

- Ses werkers was in 2021 en 2022 in produksie werksaam.
- Hulle het elkeen 1 840 uur normale tyd gedurende die jaar teen R40 per uur gewerk.
- Die oortydregister toon 'n gesamentlike totaal van 230 uur oortyd gewerk teen 1,6 keer die normale tydtarief.
- Produksiepersoneel het 'n produksiebonus van 8% van die normale tydlone ontvang.

**B. Fabrieksbokoste:**

Die boekhouer het die fabrieksbokoste as R541 600 bereken.

Hy het egter die volgende foute begaan wat nog aangesuiwer moet word:

- Hy het die volle versekeringuitgawe van R32 500 by die fabrieksbokoste ingesluit, in plaas van slegs 60% van hierdie uitgawe.
- Hy het R54 000 vir fabriekswater en -elektrisiteit toegeken deur die verhouding 3 **:** 2 **:** 2 vir fabriek, verkope en kantoor onderskeidelik te gebruik. Hierdie uitgawe moes in die verhouding 2 **:** 1 **:** 1 toegeken gewees het.

**C. Addisionele inligting:** (nadat alle regstellings in berekening gebring is)

| | **30 JUNIE 2022** | | **30 JUNIE 2021** | |
|---|---|---|---|---|
| | **Totaal** | **Per eenheid** | **Totaal** | **Per eenheid** |
| **Veranderlike koste:** | **R1 561 600** | **R244** | **R1 317 750** | **R251** |
| Direkte materiaal | R652 800 | R102 | R672 000 | R128 |
| Direkte arbeid | **?** | **?** | R498 750 | R95 |
| Verkoop en verspreiding | | | R147 000 | R28 |
| | | | | |
| **Vaste koste:** | **R806 400** | **R126** | **R792 750** | **R151** |
| Fabrieksbokoste | | | | |
| Administrasie | | | | |
| | | | | |
| Aantal eenhede geproduseer en verkoop | 6 400 eenhede | | 5 250 eenhede | |
| Gelykbreekpunt | 6 156 eenhede | | 6 954 eenhede | |
| Verkoopprys per eenheid | R375 | | R365 | |

**35**

## VRAAG 2: BTW EN VOORRAADWAARDASIE (45 punte; 35 minute)

2.1 **BTW**

Die inligting het betrekking op Nomhle Handelaars. Die onderneming is vir BTW geregistreer. Die standaard-BTW-koers is 15%. Nomhle verkoop ook nulkoers-goedere.

**GEVRA:**

Bereken die BTW-bedrag wat aan SAID betaal moet word vir die BTW-periode geëindig 31 Mei 2022. (9)

**INLIGTING:**

**A.** Harry, die klerk, het die BTW-bedrag verskuldig aan SAID as R55 785 bereken.

Hy het egter nog nie die volgende in berekening gebring nie:

| | | |
|---|---|---|
| (i) | BTW op goedere aan verskaffers teruggestuur | R5 070 |
| (ii) | BTW op uitgawes betaal | R6 240 |
| (iii) | BTW op goedere deur Nomhle vir eie gebruik geneem | R5 400 |

**B.** BTW op korting toegestaan moet ook in berekening geneem word. Die totale korting toegestaan, beloop R18 860.

**C.** BTW op verkope is foutiewelik opgeteken. Sommige goedere met 'n verkoopprys van R31 200 (BTW uitgesluit) moes as nulkoers-items ingeskryf gewees het.

## 2.2 VOORRAADWAARDASIE

Milo Slav is die eienaar van Pitten Sportwinkel. Die finansiële jaar het op 28 Februarie 2022 geëindig.

Die voorraadrekords van die volgende twee produkte word voorsien:

- Bergfietse
- Poeier-energiedrankies (1 kg-houers)

**BERGFIETSE**

Die bergfietsvoorraad word gewaardeer deur die spesifieke identifikasie-waardasiemetode te gebruik.

**GEVRA:**

2.2.1 Bereken die waarde van die eindvoorraad op 28 Februarie 2022 deur die spesifieke identifikasiemetode te gebruik. (9)

2.2.2 'n Fluitjieblaser (Informant) het aan Milo verduidelik dat hy bewyse het wat sal toon dat die aankoopbestuurder bergfietse steel wat deur die onderneming gekoop is.

'n Ondersoek het aan die lig gebring dat 40 eenhede van die King-model, wat uit die voorraadrekords vermis word, aan Easy Rides, 'n mededinger, verskaf is. Daar was geen ander voorraadtekorte nie.

Verduidelik TWEE verskillende voorbeelde van hoe die verdeling van pligte kan voorkom dat so 'n insident in die toekoms weer sal plaasvind. (4)

2.2.3 Verskaf TWEE punte wat toon dat Milo en sy klante met die gehalte van die Gama-fietse tevrede is. Haal syfers aan. (4)

**INLIGTING:**

**Voorraadrekords van bergfietse:**

| | KING | PALO | GAMA |
|---|---|---|---|
| Eenhede voorhande: 1 Maart 2021 | 128 | 62 | 40 |
| Eenhede deur die jaar aangekoop | 400 | 250 | 220 |
| Eenhede aan verskaffers teruggestuur | 54 | 2 | 0 |
| Eenhede verkoop | 286 | 245 | 242 |
| Eenhede voorhande: 28 Februarie 2022 | 148 | **?** | 18 |
| Kosprys per eenheid | R4 500 | R5 200 | **?** |
| Waarde van die eindvoorraad | R666 000 | **?** | **?** |
| | | | |
| Verkoopprys per eenheid | R6 750 | R7 800 | R9 600 |
| Totale bedrag van verkope (in rand) | R1 930 500 | R1 911 000 | R2 323 200 |
| **Winsopslag-%** | **50%** | **50%** | **60%** |

**POEIER-ENERGIEDRANKIES (1 kg-HOUERS)**

Die periodieke voorraadstelsel en die eerste-in-eerste-uit(EIEU)-voorraadwaardasiemetode word gebruik. Hierdie items het 'n raklewe van 66 dae.

**GEVRA:**

2.2.4 Bereken die waarde van die eindvoorraad op 28 Februarie 2022 deur die EIEU-voorraadwaardasiemetode te gebruik. (6)

2.2.5 Bereken die voorraadhoudingsperiode (in dae) op 28 Februarie 2022. Gebruik die eindvoorraadsyfer. (3)

2.2.6 Lewer kommentaar op jou bevindinge hierbo. Verskaf TWEE punte met syfers. Let daarop dat die voorraadhoudingsperiode vir 2021 58 dae was. (4)

2.2.7 Milo het agtergekom dat sommige van die voorraad energiedrankies die raklewe (vervaldatum) oorskry. Identifiseer die waarde van die voorraad waarna Milo verwys. (2)

2.2.8 Milo oorweeg dit om die verouderde voorraad teen die helfte van die kosprys te verkoop. Watter raad sal jy hom gee oor sy voorstel. Verskaf TWEE punte. (4)

**INLIGTING:**

**A. Voorraadsaldo's van die poeier-energiedrankies:**

| | GETAL HOUERS |
|---|---|
| 1 Maart 2021 | 130 |
| 28 Februarie 2022 | 235 |

**B. Aankope van poeier-energiedrankies gedurende die finansiële jaar:**

| | GETAL EENHEDE | EENHEIDSPRYS R | VRAGGELD R | TOTAAL R |
|---|---|---|---|---|
| Apr.–Sept. 2021 | 550 | 420 | 4 400 | 235 400 |
| Nov. 2021 | 330 | 460 | 2 640 | 154 440 |
| Jan. 2022 | 180 | 475 | 1 440 | 86 940 |
| **TOTAAL** | **1 060** | | **8 480** | **476 780** |

**C. Vraggeld op aankope:**
Die onderneming betaal MTY Vervoer 'n vaste tarief van R8 per houer by die winkel afgelewer.

**D. Terugsendings aan verskaffers:**
30 beskadigde houers van Januarie 2022 se aankope is aan die verskaffer teruggestuur. Die verskaffer het die totale kosprys wat betaal is, teruggeskryf, vraggeld uitgesluit.

**E. Verkope en koste van verkope:**

- 925 eenhede is verkoop.
- Koste van verkope beloop R404 140, nadat alle aanpassings in ag geneem is.

**45**

**VRAAG 3: BEGROTINGS** **(45 punte; 35 minute)**

Die inligting het betrekking op JR Sanitisers (Edms.) Bpk. Die HUB is Juanita Rose. James Peter is die boekhouer.

**GEVRA :**

3.1 Voltooi die Krediteurebetalingskedule vir Desember 2022. (7)

3.2 Bereken ontbrekende syfers **(i)** tot **(iii)** in die Kontantbegroting. (10)

3.3 **Verwys na Inligting E en G.**

3.3.1 Bereken die deposito wat gedurende Desember 2022 vir die aankoop van die maatskappyvoertuig betaal sal word. (5)

3.3.2 Juanita is bekommerd oor die kontantposisie vir Desember 2022. Sy stel voor dat die aankoop van die voertuig na Januarie 2023 geskuif moet word.

Gebruik die tabel in die ANTWOORDEBOEK om die effek van hierdie voorstel op die Kontantbegroting van Desember 2022 te toon. (6)

3.4 **Verwys na Inligting H.**

Juanita is bekommerd oor haar besluite in Oktober 2022 om die winsopslag en die bedrag wat werklik aan advertensies spandeer is, aan te pas. Verskaf TWEE punte om aan te dui of dit goeie besluite was of nie. Haal syfers aan en/of toon berekeninge. (4)

3.5 **Verwys na Inligting H.**

3.5.1 Verduidelik waarom Juanita bekommerd behoort te wees oor die werklike bedrag wat gedurende Oktober 2022 op herstelwerk en instandhouding spandeer is. Haal 'n syfer aan en/of toon 'n berekening. (2)

3.5.2 James is van mening dat daar swak beheer was oor die bedrae wat aan afleweringsuitgawes en verpakkingsmateriaal spandeer is. Verduidelik of James se mening korrek is of nie. Verskaf berekeninge. (8)

3.6 Juanita wil sosiale media gebruik om 'n aanlyn winkelplatform te skep om haar verkope vanaf Januarie 2023 te vermeerder. Noem DRIE addisionele betalings wat by die Januarie 2023-begroting ingesluit moet word. (3)

**INLIGTING:**

**A. Verkope, koste van verkope en debiteure-invordering:**

| | OKTOBER | NOVEMBER | DESEMBER |
|---|---|---|---|
| Totale verkope | R584 100 | R643 500 | R432 300 |
| Koste van verkope | R354 000 | R390 000 | R262 000 |

- Kontantverkope bestaan uit 30% van totale verkope.
- Debiteure betaal hulle rekeninge in die maand wat volg op die maand van verkope.

**B. Aankope van voorraad en betaling aan krediteure:**

- 'n Basisvoorraad word gehandhaaf. Voorraad wat verkoop word, word in dieselfde maand vervang.
- Kontantaankope bestaan uit 15% van totale aankope.
- Krediteure word volgens die volgende tendens betaal:
  - 80% word in die maand van aankope betaal om 'n 5%-korting te ontvang.
  - 20% word in die maand na aankope betaal.

**C. Huurinkomste:**

- Stoorruimte word teen 'n vaste tarief per vierkante meter verhuur.
- 'n Huurder beset tans 60 $m^2$. Sy huurkontrak verstryk op 30 Junie 2023.
- 'n Nuwe huurder het 'n ooreenkoms vir die periode 1 Desember 2022 tot 30 November 2023 geteken. Sy sal 'n stooroppervlakte van 75 $m^2$ beset.

**D. Salarisse:**

- 'n Nuwe werknemer sal vanaf 1 Desember 2022 aangestel word. Hy sal R14 840 per maand verdien.
- Alle ander werknemers sal 'n verhoging van 4,5% p.j. ontvang, effektief vanaf 1 Desember 2022.

**E. Aankoop van maatskappyvoertuig vir die HUB en versekering:**

- 'n Nuwe maatskappyvoertuig sal op 1 Desember 2022 aangekoop word. 'n Deposito van 25% van die koste van die voertuig, rente uitgesluit, sal op hierdie datum betaal word.
- Die uitstaande saldo sal oor 24 maande in gelyke maandelikse paaiemente van R20 800 betaal word, rente ingesluit, met ingang van 31 Desember 2022.
- Rente bereken vir die volle tweejaar-periode is R45 600.
- Die bestaande versekeringspremie sal met die bedrag van toepassing op die nuwe maatskappyvoertuig verhoog. Dit sal ook vanaf 31 Desember 2022 aan die einde van elke maand betaalbaar wees.

**F. Afleweringsuitgawes:**

Aflewerings word aan Aldo Aflewerings uitgekontrakteer. Afleweringsuitgawes word as 'n vaste persentasie van die maandelikse verkope begroot.

## G. Uittreksel uit Kontantbegroting:

| ONTVANGSTE | NOV. 2022 (R) | DES. 2022 (R) |
|---|---|---|
| Kontantverkope | 193 050 | 129 690 |
| Invorderings van debiteure | 408 870 | **(i)** |
| Lening | 400 000 | |
| Huurinkomste | 15 000 | **(ii)** |
| **TOTALE ONTVANGSTE** | | |
| **BETALINGS** | | |
| Kontantaankope van voorraad | 58 500 | 39 300 |
| Betalings aan krediteure | 312 120 | **?** |
| Salarisse | **(iii)** | 55 595 |
| Aankoop van voertuig: deposito | - | **?** |
| Aankoop van voertuig: maandelikse paaiemente | - | 20 800 |
| Herstelwerk en instandhouding | 30 000 | 30 000 |
| Advertensies | 40 000 | 40 000 |
| Afleweringsuitgawes (Aldo Aflewerings) | 38 610 | 25 938 |
| Verpakkingsmateriaal | 25 740 | 17 280 |
| Versekering | 6 500 | 9 700 |
| Brandstof vir maatskappyvoertuig | - | 7 500 |
| Rente op lening | 6 000 | 6 000 |
| Dividende | | 190 000 |
| Telefoon, water en elektrisiteit | | |
| Diverse uitgawes | | |
| **TOTALE BETALINGS** | | |
| **KONTANTOORSKOT/-TEKORT** | 174 000 | (120 000) |
| **BANK (BEGIN)** | (66 000) | 108 000 |
| **BANK (EINDE)** | 108 000 | (12 000) |

## H. Begrote en werklike syfers vir Oktober 2022:

| | BEGROOT | WERKLIK | AFWYKING |
|---|---|---|---|
| Getal eenhede verkoop | 7 080 eenhede | 11 470 eenhede | + 4 390 eenhede |
| Winsopslag % | 65% | 45% | -20% |
| | | | |
| Verkope | R584 100 | R831 546 | + R247 446 |
| Koste van verkope | 354 000 | 573 480 | + 219 480 |
| Bruto wins | 230 100 | 258 066 | + 27 966 |
| Herstelwerk en instandhouding | 30 000 | 8 000 | – 22 000 |
| Advertensies | 40 000 | 28 000 | – 12 000 |
| Afleweringsuitgawes (Aldo Aflewerings) | 35 046 | 42 896 | + 7 850 |
| Verpakkingsmateriaal | 23 364 | 37 850 | + 14 486 |

**45**

**VRAAG 4: BANKVERSOENING** **(25 punte, 20 minute)**

4.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

4.1.1 Debietkaartfooie vorm deel van bankkoste.

4.1.2 Rente op oortrekking word in die Kontantontvangstejoernaal opgeteken.

4.1.3 'n Debietsaldo op die Bankstaat toon 'n gunstige saldo. (3 x 1) (3)

4.2 **BANKVERSOENING**

Die inligting wat verskaf word, het betrekking op Surprise Winkels. Die eienaar van die onderneming is Themba Zwane.

- Themba ontvang die amptelike Bankstaat op die 26ste dag van elke maand. Hy gebruik dit om die bankversoening te doen.
- EFO's is in datumvolgorde hernommer.

**GEVRA:**

4.2.1 Gebruik die tabel wat in die ANTWOORDEBOEK verskaf word om die finale totale van die Kontantjoernale op 31 Julie 2022 te bereken. (10)

4.2.2 Bereken die korrekte banksaldo op 31 Julie 2022 in die grootboek. (4)

4.2.3 Stel die Bankversoeningstaat op 31 Julie 2022 op. (8)

**INLIGTING:**

**A.** Op 1 Julie 2022 het die Bankrekening in die grootboek 'n gunstige saldo van R53 800 getoon.

**B.** Die Bankversoeningstaat wat op 30 Junie 2022 voltooi is, het die volgende uitstaande deposito's en EFO's getoon:

- Deposito gedateer 15 Junie 2022 R19 500
- Deposito gedateer 29 Junie 2022 R12 800
- EFO 297 R9 600
- EFO 298 R12 300

**LET WEL:**

(i) Die deposito op 15 Junie 2022 het op die Julie-bankstaat as R15 500 verskyn. 'n Ondersoek het getoon dat die kassiere in daardie tydperk bedank het. Die uitstaande bedrag moet afgeskryf word.

(ii) EFO 297 is korrek op die Julie-bankstaat as R6 900 getoon.

(iii) Die ander uitstaande bedrae van die vorige maand het op die Julie-bankstaat verskyn.

**C.** Voordat die Julie 2022-bankstaat ontvang is, het die Kontantjoernale die volgende voorlopige totale getoon:

| KONTANT-ONTVANGSTEJOERNAAL | KONTANT-BETALINGSJOERNAAL |
|---|---|
| R101 200 | R135 215 |

**D.** Die volgende items op die Julie-bankstaat moet nog opgeteken word:

(i) 'n Debietkaartbetaling van R1 400 vir petrol vir die onderneming se voertuig. Themba het versuim om die transaksiedokument vir die boekhouer te gee.

(ii) Die direkte deposito ontvang van debiteur D Singwane, R5 800, ter vereffening van sy rekening van R6 000.

(iii) 'n Debietorder aan Palm Versekeraars vir die onderneming se versekering, R1 800.

(iv) 'n Direkte deposito van R72 000 van Unitech Kollege. Dit is 'n fout op die staat omdat dit nie op Surprise Winkels van toepassing is nie. Die bank is van hierdie fout in kennis gestel.

(v) Totale bankkoste, R825

(vi) Rente op spaarrekening verdien, R260

**E.** Inskrywings in die Kontantjoernale na 26 Julie 2022:

- Deposito op 29 Julie 2022 R29 500
- EFO 350 aan PN Skryfbehoeftes, gedateer 28 Julie 2022 R 4 200
- EFO 351 aan PF Koeriers, gedateer 30 Julie 2022 R 3 800

**F.** Bankstaatsaldo op 31 Julie 2022: R?

**25**

**TOTAAL: 150**

| GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates **:** Totale laste | Bedryfsbates **:** Bedryfslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang |
| (Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**NOTA:**

* In hierdie geval, indien daar gedurende 'n finansiële jaar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele is, word die geweegdegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.

Kopiereg voorbehou

PLAKKER

**SENTRUMNOMMER**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# REKENINGKUNDE V2

# GRAAD 12

# NOVEMBER 2022

## *SPESIALE ANTWOORDEBOEK*

| VRAAG | PUNT | PARAAF | MOD. |
|---|---|---|---|
| 1 | | | |
| 2 | | | |
| 3 | | | |
| 4 | | | |
| TOTAAL | | | |

**Hierdie antwoordeboek bestaan uit 10 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 1

**1.1**

| | |
|---|---|
| **1.1.1** | |
| **1.1.2** | |
| **1.1.3** | |
| **1.1.4** | |

**4**

**1.2 WEZA STITCHES**

**1.2.1**

| **Bereken: Direkte arbeidskoste** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

**7**

**Bereken: Fabrieksbokoste**

| | | |
|---|---|---|
| **Totaal voor regstellings** | **541 600** | |
| **Versekering** | | |
| **Water en elektrisiteit** | | |
| **TOTAAL** | | |

**6**

| **Bereken: Totale koste van produksie vir 2022** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

**4**

**1.2.2**

| **Annie is bekommerd dat vaste koste na R806 400 verhoog het. Verduidelik waarom sy nie bekommerd hoef te wees nie. Verskaf TWEE punte. Haal syfers aan.** | |
|---|---|
| **PUNT 1** | |
| **PUNT 2** | |

**4**

**1.2.3**

| **Lewer kommentaar daarop of die produksiepersoneel die produksiebonus verdien wat hulle ontvang het. Verskaf DRIE punte, met syfers.** | |
|---|---|
| **PUNT 1** | |
| **PUNT 2** | |
| **PUNT 3** | |

| |
|---|
| |
| **6** |

**1.2.4**

| **Annie wil haar wins gedurende die volgende finansiële jaar met R50 000 verhoog terwyl sy koste handhaaf. Bereken die addisionele eenhede wat vervaardig moet word om hierdie teiken te bereik.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **4** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **35** |

## VRAAG 2

### 2.1 BTW

| Bereken die BTW-bedrag wat aan SAID betaal moet word vir die BTW-periode geëindig 31 Mei 2022. | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| 9 |

### 2.2 VOORRAADWAARDASIE

**BERGFIETSE**

**2.2.1 Bereken die waarde van die eindvoorraad op 28 Februarie 2022 deur die spesifieke identifikasiemetode te gebruik.**

| MODEL | BEWERKINGS | BEDRAG |
|---|---|---|
| KING | | R666 000 |
| PALO | | |
| GAMA | | |
| | TOTAAL | |

| |
|---|
| 9 |

**2.2.2**

| **Verduidelik TWEE verskillende voorbeelde van hoe die verdeling van pligte kan voorkom dat so 'n insident in die toekoms weer sal plaasvind.** | |
|---|---|
| **VOORBEELD 1** | |
| **VOORBEELD 2** | |

| |
|---|
| **4** |

**2.2.3**

| **Verskaf TWEE punte wat toon dat Milo en sy klante met die gehalte van die Gama-fietse tevrede is. Haal syfers aan.** | |
|---|---|
| **PUNT 1** | |
| **PUNT 2** | |

| |
|---|
| **4** |

**POEIER-ENERGIEDRANKIES (1 kg-HOUERS)**

**2.2.4**

| **Bereken die waarde van die eindvoorraad op 28 Februarie 2022 deur die EIEU-voorraadwaardasiemetode te gebruik.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| **6** |

Kopiereg voorbehou 

**2.2.5**

| **Bereken die voorraadhoudingsperiode (in dae) op 28 Februarie 2022. Gebruik die eindvoorraadsyfer.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **3** |

**2.2.6**

| **Lewer kommentaar op jou bevindinge hierbo. Verskaf TWEE punte met syfers. Let daarop dat die voorraadhoudingsperiode vir 2021 58 dae was.** | |
|---|---|
| **PUNT 1** | |
| **PUNT 2** | |

| |
|---|
| |
| **4** |

**2.2.7**

| **Milo het agtergekom het dat sommige van die voorraad energiedrankies die raklewe (vervaldatum) oorskry. Identifiseer die waarde van die voorraad waarna Milo verwys.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **2** |

**2.2.8**

| **Milo oorweeg dit om die verouderde voorraad teen die helfte van die kosprys te verkoop. Watter raad sal jy hom gee oor sy voorstel. Verskaf TWEE punte.** | |
|---|---|
| **PUNT 1** | |
| **PUNT 2** | |

| |
|---|
| |
| **4** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **45** |

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 3

**3.1 Voltooi die Krediteurebetalingskedule vir Desember 2022.**

| | KREDIET-AANKOPE | NOVEMBER | DESEMBER |
|---|---|---|---|
| Oktober | 300 900 | 60 180 | |
| November | 331 500 | 251 940 | |
| Desember | | | |
| | | 312 120 | |

7

**3.2 Bereken die ontbrekende syfers (i) tot (iii) in die Kontantbegroting.**

| NR. | BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|---|
| (i) | Invorderings van debiteure: Desember 2022 | |
| (ii) | Huurinkomste: Desember 2022 | |
| (iii) | Salarisse: November 2022 | |

10

**3.3.1**

| Bereken die deposito wat gedurende Desember 2022 vir die aankoop van die maatskappyvoertuig betaal sal word. | |
|---|---|
| BEWERKINGS | ANTWOORD |
| | |

5

**3.3.2** **Juanita is bekommerd oor die kontantposisie vir Desember 2022. Sy stel voor dat die aankoop van die voertuig na Januarie 2023 geskuif moet word.**

**Gebruik die tabel hieronder om die effek van hierdie voorstel op die Kontantbegroting van Desember 2022 te toon.**

| | |
|---|---|
| **Begrote tekort op 31 Desember 2022** | **(120 000)** |
| **Deposito op voertuig** | |
| | |
| | |
| | |
| **Kontanttekort/-oorskot na die voorgestelde skuif** | |

6

**3.4** **Juanita is bekommerd oor haar besluite in Oktober 2022 om die winsopslag en die bedrag wat werklik aan advertensies spandeer is, aan te pas. Verskaf TWEE punte om aan te dui of dit goeie besluite was of nie. Haal syfers aan en/of toon berekeninge.**

| | |
|---|---|
| **PUNT 1** | |
| **PUNT 2** | |

4

**3.5.1** **Verduidelik waarom Juanita bekommerd behoort te wees oor die werklike bedrag wat gedurende Oktober 2022 op herstelwerk en instandhouding spandeer is. Haal 'n syfer aan en/of toon 'n berekening.**

2

**3.5.2**

| **James is van mening dat daar swak beheer was oor die bedrae wat aan afleweringsuitgawes en verpakkingsmateriaal spandeer is. Verduidelik of James se mening korrek is of nie. Verskaf berekeninge.** | |
|---|---|
| **VERDUIDELIKING VAN AFLEWERINGS-UITGAWES** | |
| **VERDUIDELIKING VAN VERPAKKINGS-MATERIAAL** | |

| |
|---|
| |
| **8** |

**3.6**

| **Juanita wil sosiale media gebruik om 'n aanlyn winkelplatform te skep om haar verkope vanaf Januarie 2023 te vermeerder. Noem DRIE addisionele betalings wat by die Januarie 2023-begroting ingesluit moet word.** | |
|---|---|
| **BETALINGS 1** | |
| **BETALINGS 2** | |
| **BETALINGS 3** | |

| |
|---|
| |
| **3** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **45** |

**VRAAG 4**

**4.1**

| | |
|---|---|
| **4.1.1** | |
| **4.1.2** | |
| **4.1.3** | |

**3**

**4.2 BANKVERSOENING**

**4.2.1**

| **KONTANTONTVANGSTE-JOERNAAL** | | | **KONTANTBETALINGS-JOERNAAL** | |
|---|---|---|---|---|
| | **Bedrag** | | | **Bedrag** |
| **Totaal** | **101 200** | | **Totaal** | **135 215** |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |

**10**

**4.2.2**

| **Bereken die korrekte banksaldo op 31 Julie 2022 in die grootboek.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

**4**

**4.2.3**

| **BANKVERSOENINGSTAAT OP 31 JULIE 2022** | | |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
